INKATHA
FREEDOM
PARTY

IFP.ORG.ZA

# 13-PUNT HANDVESPLAN

VIR DIE 2024 NASIONALE EN PROVINSIALE VERKIESINGS





# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| BRIEF VAN DIE PRESIDENT | 03 |
| ONS VERBINTENIS TOT JOU OM SUID-AFRIKA TE herBOU | 05 |
| TIEN HOOGTEPUNTE UIT DIE IVP SE 13-PUNT-PLAN | 06 |
| WERKSGELEENTHEDE | 07 |
| MISDAAD, KORRUPSIE EN GENDERGEBASEERDE GEWELD | 09 |
| ONWETTIGE BUITELANDERS | 11 |
| BEURTKRAG | 13 |
| ONDERWYS | 15 |
| GESONDHEIDSORG | 18 |
| MENSLIKE NEDERSETTINGS | 20 |
| INFRASTRUKTUUR | 22 |
| VERVOER | 24 |
| TRADISIONELE LEIERSKAP EN BESTUUR | 26 |
| TOEGANG TOT GROND | 28 |
| OMGEWING | 30 |
| JY EN JOU TOEKOMS | 32 |
| VERTROU ONS REPUTASIE | 34 |

# BRIEF VAN DIE PRESIDENT

Mede Suid-Afrikaners

Die Inkatha Vryheidsparty, wat deur prins Mangosuthu Buthelezi gestig is, beywer hom al bykans vyftig jaar lank vir demokrasie, vryheid en geregtigheid, in diens van die armes en kwesbares, terwyl ons 'n land skep waarin ons almal kan floreer. Die IVP is prins Buthelezi se grootste nalatenskap. In 2024 neem ons daardie nalatenskap vorentoe.

Die IVP het 'n sterk invloed in Suid-Afrika gehad. Sedert die vryheidstryd, het ons die burgerskap van miljoene ontneemde Suid-Afrikaners, wat 'n onwettige regering vreemdelinge in ons eie land wou maak, beskerm.

By die onderhandelingstafel was dit die IVP wat die skep van provinsies en die insluiting van 'n Handves van Regte in ons demokratiese Grondwet verseker het. As deel van die Regering van Nasionale Eenheid, was ons instrumenteel tot die transformasie van die volle regstelsel in Suid-Afrika om die waardes van 'n grondwetlike demokrasie te weerspieël.

In KwaZulu-Natal het ons tien jaar lank regeer, die provinsiale ekonomie laat groei en die mag van bestuur in die hande van die mense geplaas.

Met so 'n sterk begin was dit baie pynlik om toe te kyk hoe Suid-Afrika op 'n dwaalspoor gelei word deur 'n meerderheidsparty wat dronk geword het van mag. Oor die afgelope dertig jaar het ons land se ekonomie versleg, kriminaliteit – misdade teen vroue en kinders inkluis – het skokkend toegeneem, korrupsie het posgevat en basiese dienste het net nog 'n leë belofte geword.

In 2024 is die behoefte vir 'n verandering van regering noodsaaklik.

Vir dertig jaar was die IVP 'n formidabele opposisie wat die regering tot verantwoording roep. Ons het deurgaans deur ons voorbeeld gelei en gewys wat 'n regering van integriteit vir Suid-Afrika kan bereik.

In 2024 nooi ons jou om integriteit terug te bring in die regering deur vir die IVP te stem.

Jou stem vir die IVP in 2024, op beide die nasionale en provinsiale stembriewe, sal die stem van integriteit in die inkomende regering versterk. Die IVP se waardes is geskoei op die beginsels van ubuntu/botho en integriteit, en meer as enigiets anders, is dít wat by regering ontbreek.

Daarom nooi ek jou om vir 'n nuwe regering te stem. Stem vir verandering. Maar bowenal, stem om integriteit weer op die tafel te plaas, deur IVP te stem.

**MNR. VELENKOSINI HLABISA, LP**
**PRESIDENT**

## TREE IN VENNOOTSKAP MET ONS

## TERWYL ONS SUID-AFRIKA herBOU



# ONS VERBINTENIS TOT JOU

# OM SUID-AFRIKA TE herBOU

In ons vrye demokratiese samelewing, bepaal ons stemme ons toekoms.

Hierdie verkiesing is die belangrikste verkiesing sedert die geboorte van ons demokrasie. Ons land staan op die rand van die afgrond om ’n mislukte staat te word. Daarom sal hierdie verkiesing ’n verreikende impak hê, wat hierdie en toekomsgeslagte sal raak.

Op hierdie kritieke tydstip, waar ons gesamentlike toekoms op die spel is, vra die IVP jou om met ons saam te werk om die beste moontlike toekoms te verseker. Ons tree toe tot hierdie verkiesing omdat ons glo dat dit tyd is om Suid-Afrikaners eerste te stel.

Die IVP glo dat daar geen veilige toekoms vir een segment van die samelewing is, terwyl ’n ander ontmagtig bly nie. Daar is geen stedelike toekoms wat landelike gemeenskappe uitsluit nie. Ons gemeenskaplike toekoms verg ’n hoë mate van gemeenskaplike doel. Die IVP ag ubuntu/botho as die grondslag van ons toekomstige welvaart.

Ons tree toe tot hierdie verkiesing met die groot nalatenskap van ons stigter, wyle prins Mangosuthu Buthelezi. Ons stigter het sy lewe daaraan toegewy om ons volk te dien. Hy was ’n voorstaander van praktiese maatreëls wat Suid-Afrikaners bemagtig om hulself te help en selfstandig te wees.

As ’n demokraat was prins Buthelezi daartoe verbind om met integriteit te lei en waarlik te dien. Dié verbintenis is steeds die IVP se fundamentele missie. Gevolglik belowe ons jou niks wat ons nie kan lewer nie.

Om ons programme te befonds, sal ons begin met ’n robuuste herstrukturering van die ekonomie en die fiskus. Ons sal regeringsministeries en hul uitspattige besteding besnoei. Wat mislukte ondernemings in staatsbesit betref, sal ons vennootskappe met die privaat sektor aangaan, eerder as om hulle elke keer uit die verknorsing te red. Ons sal korrupsie en verkwistende besteding uitroei, en die onverskoonbare praktyk van onderbesteding, wat aanleiding gee tot die terugbetaling van fondse aan die fiskus, stopsit. Ons sal elke sent van belastingbetalers se geld verstandig aanwend.

Ons maak hierdie verbintenis aan jou, want IVP-leiers en -verteenwoordigers is dienaars van die mense. Die IVP glo dat jy ’n regering verdien wat jou met integriteit dien; ’n regering wat jy kan vertrou.

TIEN HOOGTEPUNTE UIT DIE

# IVP SE 13-PUNT-PLAN

1. Die IVP sal die ekonomie herBOU deur **beurtkrag tot ’n einde te bring** danksy ’n gemengde, uiteenlopende kragstelsel.

2. Die IVP sal Suid-Afrikaners eerste stel deur **werksgeleenthede** en die klein ondernemingsmark **vir Suid-Afrikaners te reserveer**, terwyl ’n vasgestelde 80/20 teiken van indiensneming vir Suid-Afrikaners in alle maatskappye afgedwing sal word.

3. Die IVP sal die gesondheidsorgstelsel verbeter en bejaardes en kwesbare kinders eerste stel deur die **verhoging van die toelae vir ouderdoms- en kinderonderhoud**, terwyl **die kosbewysstelsel** vir behoeftige huishoudings ook **uitgebrei sal word**.

4. Die IVP sal arm stedelike en landelike gemeenskappe eerste stel en samewerking en ondersteuning aan tradisionele leiers bied.

5. Die IVP sal aanhou pleit vir die beskerming en ondersteuning van die Ingonyama-trust, as ’n model om te verseker dat almal **toegang tot grond** het.

6. Die IVP sal **Suid-Afrikaners eerste stel** deur veiligheid te prioritiseer, insluitende om Suid-Afrika se onwettige migrasiekrisis, wat ’n nasionale veiligheidsgevaar en ernstige druk op die fiskus plaas, te beëindig.

7. Die IVP sal **gratis basiese onderwys** instel, terwyl dit NSFAS hervorm sodat dit sy mandaat om die jeug te bemagtig, gestand kan doen.

8. Die IVP sal ’n **toelae vir werklose gegradueerdes van R3 000** vir ’n vaste tydperk instel om gegradueerdes te help om ’n betekenisvolle betrekking te kry.

9. Die IVP sal van die miljarde wat aan SETA’s bestee word, herlei om te verseker dat alle gegradueerdes ’n 12-maande-internskap by munisipaliteite, provinsiale en nasionale departemente kry. Privaat sektor-internskappe sal aangemoedig word.

10. Die IVP sal **datakoste snoe**i. Hoë datakoste is steeds teen die armes.

01

# WERKSGELEENTHEDE:

## VERTROU ONS OM JOU AAN DIE WERK TE KRY

Politieke vryheid het nie maatskaplike en ekonomiese geregtigheid vir almal gebring nie. Om die waarheid te sê, Suid-Afrika het die grootste vlakke van ongelykheid in die wêreld. Ons toekoms, vryheid en waardigheid hang af van ons vermoë om te werk. Ons ekonomie het egter gestagneer, wat verwoestende vlakke van werkloosheid veroorsaak het, veral onder die jeug.

Die IVP is 'n voorstander van inklusiewe, markgeleide ekonomiese beleide wat alle Suid-Afrikaners bemagtig en bydra tot die land se algehele ekonomiese groei en ontwikkeling. Ons glo dat ekonomiese vrymaking aan die kern staan om die wanbalanse van die verlede aan te spreek. Die IVP sal Suid-Afrika aan die werk kry.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- ’N vaste 80/20 teiken van indiensneming afdwing: maatskappye moet minstens 80 % Suid-Afrikaners in diens hê.
- Werksgeleenthede in die intreevlak- en lae-vaardigheidsektore vir Suid-Afrikaners uithou, met die klem op die jeug.
- Die kleinsakemark en die spaza-winkelbedryf vir Suid-Afrikaners uithou.
- Konsentreer op plaaslike produksie en die bevordering van Suid-Afrikaans vervaardigde produkte; dit sluit ondersteuning vir ons plaaslike rolprent-, media- en kreatiewe bedryf in om op wêreldvlak mee te ding.
- KMMO’s vrystel van streng vereistes en ontslae raak van oordadige rompslomp wat klein ondernemings terughou.
- Plaaslike ekonomiese ontwikkeling herstel en die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap herstruktureer, om kleinsake-ondernemings wat misluk te verminder en om betekenisvolle werksgeleenthede te skep.
- Provinsies, distrikte en munisipaliteite bemagtig om landbougroei te ondersteun deur infrastruktuur, waterskemas, onderwys en finansiering.
- ’N plaaslike ekonomiese ontwikkelingstoelae instel om landelike en township sakekoöperasies te ondersteun.
- Werk maak van die bevindings van die Mededingingskommissie se verslag oor die hoë pryse van data in Suid-Afrika, wat teen armes is, deur ’n 50 % verlaging in pryse af te dwing.
- Die uitbreiding van die industriële cannabis- en hennepbedryf ondersteun, wat ’n dryfveer vir plaaslike ekonomiese groei en werkskepping sal wees.
- ’N toelae vir werklose gegradueerdes van R3 000 vir ’n vaste tydperk instel om gegradueerdes te help om ’n betekenisvolle betrekking te kry.
- Van die miljarde wat aan SETA’s bestee word, herlei om te verseker dat alle gegradueerdes ’n 12-maande-internskap by munisipaliteite, provinsiale en nasionale departemente kry.
- Kleinskaalboerdery ondersteun as ’n maatreël om die ekonomie te laat herleef, terwyl tradisionele leiers ’n sleutelrol in grondbestuur en die transformasie van die landelike ekonomie sal speel.
- Beperkende arbeidswetgewing, wat werkskepping belemmer, hersien.
- Voorspraak maak vir fiskale selfbeheersing en openbare skuld beperk.
- Verdere reddings vir ondernemings in staatsbesit weier en hulle eerder laat herleef deur mededinging en innovering te bevorder, waar dit moontlik is, terwyl vennootskappe met die privaat sektor aangegaan word vir ondernemings in staatsbesit wat nie meer bygebring kan word nie.
- Die kragmark oopmaak en kragopwekking diversifiseer.
- In infrastruktuur belê, terwyl ’n gunstige omgewing vir beleggers geskep word.
- Ithala-bank laat herleef, om te verseker dat dit ten volle funksioneel en ’n model van ’n Staatsbank word, sodat dit sy mandaat om arm gemeenskappe op te hef, gestand kan doen.

02

# MISDAAD, KORRUPSIE EN GENDERGEBASEERDE GEWELD:

## VERTROU ONS OM JOU VEILIG TE HOU

Korrupsie, tesame met ondoeltreffendheid en belangeloosheid, het die regering se vermoë van om diens te lewer, lam gelê. Gevolglik is die kwesbaarste mense onder ons ontneem van geleenthede vir ontwikkeling en vooruitgang. Vlakke van misdaad en geweld is verbysterend, veral teen vroue en kinders.

Die IVP glo dat onmiddellike en ingrypende hervorming nodig is om die regstelsel, sekerheids-, militêre en intelligensiedienste te versterk. Die IVP sal dapper maatreëls tref om vroue, kinders en die kwesbaarste mense te beskerm.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Saam met gemeenskappe werk om ’n einde aan misdaad te bring deur nou saam te werk met gemeenskapspolisiëringsforums en sal veilige kanale vir burgers verskaf om kriminele bedrywighede aan te meld.
- Tradisionele howe en groter rolle vir tradisionele leierskap in provinsiale en plaaslike bestuur ondersteun, wat sal help om meer vrede en veiligheid te bewerkstellig.
- ’N nasionale debat begin oor die herinstelling van die doodstraf om geweldsmisdade te ontmoedig.
- Wetgewing hersien om toe te sien dat borgtog geweier word aan diegene wat geweld teen vroue en kinders pleeg, veral moord.
- Toesien dat spesiale howe wat korrupsie en gendergebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV) moet behartig, ten volle funksioneer.
- Toesien dat toegewese SAPD-beamptes spesiaal opgelei is om GGGV te hanteer en by alle polisiestasies geplaas word waar GGGV hoogty vier.
- Toesien dat diegene wat GGGV oorleef, maklik toegang kan kry tot die dienste wat hulle nodig het.
- Opleiding en ondersteuning opskerp en meer hulpbronne vir SAPD-beamptes bied.
- Bestaande SAPD-infrastruktuur, -toerusting en -tegnologie verbeter sodat SAPD-personeel ten volle toegerus is om hul mandaat uit te voer.
- ’N kultuur van aanspreeklikheid, professionaliteit en etiese gedrag skep, wat die publiek se vertroue en geloof in wetstoepassing versterk.
- ’N beleid van geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupsie, insluitende die spoedige afdanking en vervolging van korrupte amptenare, ongeag hul rang of politieke affiliasie, in werking stel en streng afdwing.
- Die SANW se hulpbronne en toerusting vermeerder, opleiding opskerp, doeltreffende intelligensie-insameling instel, korrupsie en kriminele bedrywighede bekamp en militêre veterane se welsyn verbeter.
- Toesien dat die SANW opgelei en voorbereid is vir tradisionele, biologiese, kuber- of elektroniese oorlogvoering.
- Die Verdedigingsbegroting prioritiseer om aan die internasionale norm van 2 % van BBP te voldoen, in werwingsaksies vir die Weermag belê en die SANW se institusionele struktuur herontwerp en professioneel maak.
- Die SANW ontplooi in gemeenskappe waar maatskaplike euwels, misdaad en bendes hoogty vier.
- ’N sterk, bekwame, bemagtigde en befondsde Nasionale Vervolgingsgesag verseker.
- Herstellende geregtigheid as ’n doeltreffende alternatief vir tradisionele strafmaatreëls steun.

03

# ONWETTIGE BUITELANDERS:

## VERTROU ONS OM SUID-AFRIKA EERSTE TE STEL

Die IVP glo dat die staat se mislukking om migrasie te bestuur, tot ’n nasionale krisis gelei het. Die IVP se standpunt is dat, alhoewel regverdigheid nodig is, onwettige immigrante wetsoortreders is wat ’n bedreiging vir die veiligheid en sekerheid van die staat inhou, terwyl dit groot druk op Suid-Afrika se hulpbronne plaas.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Die SANW onmiddellik by inklaringspunte en grense ontplooi en ons grense versterk deur grensmure te bou om grensbeheer te versterk en die integriteit van ons grense te verseker.
- Belê in die jongste grensbeheertegnologie, insluitende hommeltuigtegnologie, terwyl grensbestuur aangewend word om onwettige immigrasie, mensehandel, dwelmsmokkelary, terrorisme en ander oorgrens-kriminele bedrywighede te voorkom.
- Belê in ’n alleenstaande, bekwame Nasionale Immigrasie-inspektoraat.
- Strenger beheermaatreëls by inklaringspunte instel. Sentrums vir die verwerking en huisvesting van asielsoekers moet by inklaringspunte opgerig word waar asielsoekers moet wag vir die uitslag van hul aansoeke.
- Toesien dat die deportasiestelsel doeltreffende deportasie en administrasie toepas.
- Die bedryf van ondernemings, wat onwettige immigrante in diens neem, vir ’n vasgestelde tydperk verban. Boetes was duidelik nie ’n afskrikmiddel nie.
- Meer betrokkenheid van alle sfere van die regering verseker: munisipaliteite en provinsies moet help om onwettige immigrante te identifiseer, te verwerk en te deporteer.
- Toesien dat enige van Binnelandse Sake se amptenare wat gevang word dat hulle Suid-Afrikaanse dokumente verkoop, swaar vonnisse opgelê word. Beide die verkoop en aankoop van onwettige dokumente sal as ’n misdaad teen die staat beskou word.
- Die Departement van Binnelandse Sake vernuwe tot ’n moderne, doelmatige departement deur in infrastruktuur en tegnologie te belê.
- Toesien dat alle visum-, vlugteling- en asielaansoeke, en die nasporing daarvan, aanlyn gebeur.
- ’N permitnagaanproses in werking stel: alle buitelandse burgers in besit van Suid-Afrikaanse permitte moet binne ’n tydperk van ses maande herbevestig word. Sou permithouers versuim om dit te doen, sal die permit dadelik gekanselleer word. Dit sal ontslae raak van die permitte wat onwettig bekom is.
- ’N amnestietydperk van ses maande instel: die amnestietydperk sal diegene wat onwettig in Suid-Afrika is, in staat stel om die land hetsy te verlaat of om aansoek te doen om wettige status.
- Wetgewing van stapel stuur om beperkings in te stel op die aantal buitelandse burgers in diens van enige onderneming.
- Toesien dat visums vir kritieke vaardighede binne ’n tydperk van vier weke uitgereik word.

04

# BEURTKRAG:

## VERTROU ONS VIR ’N VEILIGE KRAGTOEKOMS

Suid-Afrika het te kampe met ’n ernstige kragkrisis. Weens korrupsie, wanbestuur en ’n gebrek aan strategiese visie, het ons land se kragvoorsiening onbetroubaar en onvolhoubaar geraak en kan nie ’n doeltreffende en groeiende ekonomie ondersteun nie. Alternatiewe kragbronne moet aangewend word soos wat ons die toekoms ingaan.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Die elektriese kragnet stabiliseer. Eskom is ’n nasionale bate wat wanbestuur is tot ’n toestand van erge verval. Eskom móét deur ’n vennootskap met die privaat sektor bestuur word.
- Elektrisiteit se prys vir arm en voorheen benadeelde gemeenskappe verder subsidieer.
- Brandstof dereguleer. Die brandstofbedryf word buitensporig gereguleer. Brandstofinvoere moet oopgegooi word vir enigiemand wat die nodige waarborge kan lewer en wat raffinaderye kan bou wat voldoen aan die noodsaaklike veiligheidstandaarde wat die wet vereis.
- Onnodige brandstofheffings sny, aangesien dit nie gebruik moet word om uitgawes in versteekte gebiede, wat nie verband hou met die brandstofbedryf nie, te subsidieer.
- Steenkoolproduksie handhaaf, met die erkenning dat steenkool ’n sleutelbron van krag bly. Alhoewel steenkool vir kragopwekking gebruik word, het dit ook die potensiaal om ’n groot verskeidenheid chemiese produkte op te lewer.
- Die uitbreiding in die gebruik van gas vir huishoudelike doeleindes, veral vir kook- en verwarmingsdoeleindes, voorstaan.
- Windturbines en sonkrag bevorder, wat ’n enorme geleentheid vir privaat belegging in kragopwekking vir eie gebruik en voorsiening aan die netwerk bied.
- Sonpanele op al die nuwe staatshuise sit wat ons bou.
- Toesien dat kernkrag, in die hande van die staat, deel van die mengsel bly.
- Hidro-elektriese kragopwekking ondersteun deur ons land se waterbronne doeltreffend te benut. Die voordele moet ondersoek, nagevors, ontwikkel en aan plaaslike gemeenskappe en maatskappye beskikbaar gestel word. Plaaslike en hulpbehoewende gemeenskappe moet voordeel trek uit verlaagde tariewe.

05

# ONDERWYS:

## VERTROU ONS OM JOU TOE TE RUS EN TE BEMAGTIG

Suid-Afrika se onderwysstelsel moet herbou word. Dit benadeel ons kinders se toekoms en die toekoms van ons land. Baie van ons kinders het nie lessenaars, boeke of toilette nie, en vakbonde, wat klaarblyklik net aan hulself rekenskap hoef te gee, hou hul onderrig gevange vir ’n losprys. Die matriekslaagsyfer is tot 30 % verlaag. G’n wonder dat die ekonomie onderpresteer weens ’n gebrek aan vaardighede nie.

Die IVP glo in gratis, gelyke en gehalte basiese onderwys vir almal, en staatsgeborgde hoër onderwys vir arm en lae-inkomste gesinne om die ongelykhede van die verlede aan te spreek. Inklusiwiteit is ’n sentrale beginsel van die IVP se visie vir onderrig.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Gratis basiese onderwys en staatsgeborgde hoër onderwys vir arm en lae-inkomste gesinne as ’n fundamentele komponent van ons onderwysbeleid instel.
- Onderrig- en leerstandaarde verbeter en voldoende hulpbronne voorsien.
- Gratis skoliervervoer en voedingskemas doeltreffend in alle openbare skole instel.
- Omvattende skoolvervoerbeleide instel wat veiligheid prioritiseer.
- Toesien dat streng regulasies toegepas word om onveilige toestande, soos oorvol klaskamers, te voorkom.
- Alternatiewe vervoermetodes, soos fietse, veral in landelike gebiede ontplooi.
- ’N sterk gesinstruktuur en die waardes van respek en ubuntu as die hoeksteen tot ’n funksionele onderwysstelsel bevorder.
- Die betrokkenheid van toegewyde ouers, bemagtigde skoolhoofde en goed opgeleide en gemotiveerde onderwysers bevorder.
- Dissipline in skole afdwing deur skoolgedragskodes.
- ’N kultuur van onderrig en leeruitnemendheid kweek.
- Tandaarde verhoog. Die slaagpunt moet 50 % wees.
- Lewensoriëntering vervang en verpligte finansiële en entrepreneursgeletterdheidsopleiding en oordraagbare vaardigheidsopleidingsmodules in die skool se kurrikulum bekendstel.
- Beter betaling en beter werksomstandighede vir alle onderwysers, graad R-onderwysers inkluis, verseker.
- Onderbefondsing aanspreek deur die onderwysbegroting te herstruktureer om infrastruktuur en hulpbronne in skole te verbeter.
- Landelike en township-skole wat voorheen weens nie-lewensvatbaarheid of nie-prestasie gesluit is, herevalueer en toerus.
- Programme vir vroeë kinderontwikkeling (VKO) vir ’n sterk grondslag prioritiseer om te verseker dat alle kinders toegang tot VKO-programme het.
- Toegang tot gehalte-onderwys vir leerders met gestremdhede of spesiale onderrigbehoeftes verbeter.
- Die ontwikkeling van hoëtegnologieklaskamers-van-die-toekoms verseker deur die gebruik van tegnologie (e-boeke en e-leer) te bevorder, terwyl toegesien word dat alle skole toegang tot die Internet het.
- Belê in indiensopleiding, ondersteunings- en ontwikkelingsprogramme vir onderwysers, en toe onderwysersopleidingskolleges heropen.
- Verblyf vir onderwysers voorsien, veral in landelike gebiede, as ’n aansporing om die nodige vaardighede na skole toe te lok.
- Politieke inmenging in onderrig en in die aanstelling van onderwysers verminder.

- Medewerking wat bevoegdhede en funksies tussen die nasionale en provinsiale sfere van regering betref, verseker. Provinsies en plaaslike gemeenskappe moet toegelaat word om 'n onderrigbedeling en skoolmodel te ontwikkel wat die beste by hul eie behoeftes pas.
- NSFAS hervorm deur sy administrasie en bestuur terug te skuif na tersiêre instellings toe, wat groter doeltreffendheid, deursigtigheid en responsiwiteit sal verseker.
- Meer in TVET-kolleges belê om tersaaklike en bemarkbare vaardighede en opleiding vir die arbeidsmark te bied.



06

# GESONDHEIDSORG:

## VERTROU ONS VIR HULP WANNEER JY DIT NODIG HET

Die Suid-Afrikaanse gesondheidstelsel het vele uitdagings wat sy vermoë om voldoende gesondheidsorgdienste aan burgers te verskaf, in die wiele gery het. Wat tragies is, is dat die toestand van ons gesondheidsorgstelsel spreek van 'n land in krisis.

Swak befondsing, bestuur en instandhouding van staatsbeheerde hospitale en klinieke het gelei tot die ineenstorting en wanfunksionering van baie fasiliteite, terwyl baie wat steeds funksioneer vuil en onderbefonds is, wat die dood van die einste pasiënte veroorsaak wat gehelp moet word. Weens korrupsie, tenderbedrog en operasionele wanbestuur kom noodsaaklike toerusting en mediese voorrade nooit uit by diegene wat dit nodig het nie.

Goeie gesondheid en welstand is 'n integrale deel van ons nasie se algehele sosio-ekonomiese sukses. Alle Suid-Afrikaners verdien toegang tot gehalte, innoverende gesondheidsorg.



## 'N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Staan vir universele gesondheidsdekking. Almal in Suid-Afrika moet gelyke toegang tot billike, toeganklike, gehalte, staatsgeborgde gesondheidsdienste hê.
- Korrupsie in die gesondheidsorgstelsel bekamp terwyl vrugtelose, verkwistende en ongerymde uitgawes besnoei word.
- Groot uitdagings, soos te min personeel, onvoldoende hulpbronne, swak leierskap en bestuur, en swak infrastruktuur in die staatsgesondheidsorgstelsel oplos.
- Die tekort aan beroepsgesondheidsorgwerkers, insluitende dokters, verpleegsters en steunpersoneel, wat die gehalte van sorg in gedrang bring, aanspreek deur werklose opgeleide gesondheidsorgwerkers in diens te neem.
- Werksomstandighede vir alle gesondheidsorgwerkers verbeter.
- Beter ondersteuning en betaling vir dokters en verpleegsters verseker.
- Die instandhouding van bestaande gesondheidsinfrastruktuur verseker.
- 'N proses lei om die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) te hersien om sy befondsingsmodel aan te spreek terwyl die rol van staats- en privaat gesondheidsdiensverskaffers en dié van mediese fondsskemas duidelik omskryf word.
- 'N Distriksgesondheidstelsel en Primêre Gesondheidsorgmodel as deurslaggewende komponente van 'n funksionerende gesondheidstelsel bevorder.
- Die Distriksgesondheidstelsel hersien om te verseker dat Primêre Gesondheidsorg aan die bevolking gelewer word deur die nodige infrastruktuur, medisyne en ander dienste op distriksvlak te verskaf.
- Die afwenteling van magte aan provinsies en munisipaliteite verseker om gesondheidsinstellings doeltreffend te bestuur. Verantwoordelikheid om lewering te verseker moet afgewentel word tot op die laagste gepaste en bevoegde vlak van regering. Meer besluitnemingsmagte sal uit provinsiale departemente na distriksbestuurders en gesondheidsfasiliteitbestuurders toe afgewentel word.
- Toesien dat daar minstens een streekhospitaal in elk van die 52 gesondheidsdistrikte en minstens een tersiêre hospitaal in elke provinsie is.
- Kliniekdienste in benadeelde gemeenskappe uitbrei.
- Die hoë koste van medisyne vir alle Suid-Afrikaners verminder.
- Provinsiale sentrums vir mediese innovasie en navorsing vestig.
- Dienslewering verbeter en bykomende infrastruktuur in die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste verseker.
- Toegang tot aanvullende en tradisionele medisynes verbeter.
- Ondersteuning vir geestesgesondheidsdienste verbeter.
- Fakture stuur aan lande wie se burgers onwettig in Suid-Afrika is en die land se oorbelaste gesondheidsorgdienste gebruik.

07

# MENSLIKE NEDERSETTINGS:

## VERTROU ONS VIR VEILIGE EN WAARDIGE TUISTES

Elke Suid-Afrikaner verdien ’n veilige plek om te woon, hul gesin groot te maak en hul aspirasies na te streef. Dit is ondenkbaar dat miljoene Suid-Afrikaners ná dertig jaar se demokrasie steeds in plakkershutte en informele nedersettings sonder sanitasie, elektrisiteit of water woon. Die droom van maatskaplike geregtigheid is vertraag, en baie het hul vertroue in die regering se vermoë om diens te lewer, heeltemal verloor. Die IVP sal waardige huise vir almal lewer en prioritiseer.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Behuising vir burgers subsidieer wat nie huise kan bekostig nie.
- ’N huur-om-te-besit-skema in werking stel deur laekostebehuisingsprogramme saam met die privaat sektor, met ’n bepaling oor eienaarskap, te ontwikkel.
- Die ontwikkeling van maatskaplike en bekostigbare behuisingsopsies en -geleenthede in vennootskap met die privaat sektor verseker.
- Stukke staatsgrond vir ontwikkeling deur provinsiale regerings en munisipaliteite identifiseer.
- Gedienste persele vir self-huisbou vir gemeenskapsforums en stokvels beskikbaar stel.
- Landelike behuisingsontwikkeling, wat intrekgereed is, bevorder. Ontwikkeling in landelike gemeenskappe sal geprioritiseer word.
- Sorg dat die kwalifiserende inkomste vir ten volle gesubsidieerde huise verander sal word van R0–R3 500 per maand na R0–R5 500 per maand.
- ’N behuisingsvoordeelprogram instel vir diegene wie se inkomste meer as die subsidiedrempel is.
- Ontslae raak van die apartheidstyl-ontwikkeling in hostelle en bestaande hostelle in gemeenskappe integreer.
- Toesien dat provinsies en munisipaliteite verantwoordelikheid neem vir die ontwikkeling van informele nedersettings.
- Plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe, soos opleiding in bouvaardighede, koppel met die bou van gesubsidieerde behuisingseenhede en klein ondernemings in die bousektor en ander bouverwante velde bemagtig.
- Gebruik maak van alternatiewe boutegnologieë (ABT’s) wat veilig en volhoubaar is en die tyd waarin menslike nedersettings gebou word, verkort.
- ’N studenteverblyfprogram in werking stel om studenteverblyf te ontwikkel deur fondse in die vorm van ’n toelae van tot 30 % vir privaat ontwikkelaars beskikbaar te stel.
- Eerstekeerhuiseienaars subsidieer deur te help met die aansoekproses en deur oordragskoste op ’n nuwe verband te verminder.

08

# INFRASTRUKTUUR:

## VERTROU ONS VIR DIENSLEWERING

Werkende infrastruktuur is 'n móét om basiese dienste doeltreffend te lewer. Die regering se versuim om dienste te lewer, het so alledaags geword dat dit ons land se infrastruktuur in 'n toestand van verval gelaat het. 'n Versuim om hulpbronne vir die ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur toe te wys waar dit die nodigste is en om die groot agterstande in die verskaffing van basiese diensinfrastruktuur aan te spreek, het tot 'n krisis gelei.

'n IVP-regering sal vir jou werk. Ons heg waarde aan jou waardigheid en jou reg op toegang tot skoon water, elektrisiteit, toilette, behuising en ander infrastruktuur. Dit is ons plig om toe te sien dat elke Suid-Afrikaner toegang tot gehaltedienste het waar hulle ook al woon.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Verseker dat almal teen 2030 toegang tot veilige, bekostigbare water en sanitasie het en gemeenskapswatertenks met langtermynoplossings vervang.
- Toesien dat waterhulpbronne beskerm en bewaar word, terwyl die regulatoriese raamwerke vir water- en sanitasiegehalte en -veiligheid versterk word.
- Rolle vir provinsiale regerings in water- en sanitasiebestuur omskryf, deur gereelde regeringsbeheer en remediëring vir alle waterverskaffers te verseker.
- Alle munisipaliteite finansieel befonds en deur kapasiteitsbou toerus, sodat hulle skoon, lopende water volhoubaar kan voorsien.
- Basiese infrastruktuurtoelaes wat aan munisipaliteite verskaf word, doeltreffend bestuur. Die projekte sal deur ’n goed toegeruste en distrikswye gedeelde projekbestuurseenheid hanteer word. Dit sal die huidige situasie vermy waar baie munisipaliteite nie hul toelaes kan bestee nie en befondsing teruggee aan die Nasionale Fiskus.
- Die instandhouding en opgradering van bestaande infrastruktuur prioritiseer.
- Dadelik met ’n nasionale wateroudit begin, beskadigde waterinfrastruktuur herstel en in moderne infrastruktuur en tegnologieë belê om die doeltreffendheid van ons waterstelsels te verbeter.
- ’N enkele wateragentskap met provinsiale agentskappe vir gelokaliseerde bestuur in die lewe roep.
- Die emmertoiletstelsel vir eens en vir altyd afskaf.
- Waterbehandelings-/herwinningstegnologieë en afval-tot-energie-projekte bevorder.
- Gryswater herwin en maatreëls instel om watervermorsing te beperk.
- Rioolafloop in riviere streng verbied, en stormwaterafloop en riool eerder na behandelingsaanlegte toe herlei.
- Toesien dat gemeenskapsgebaseerde water- en sanitasiekomitees gevorm word.
- Met gemeenskappe, veral vroue en gestremde gemeenskapslede, saamwerk om noodsaaklike dienste te help lewer, huise te bou en pype vir water, elektrisiteit en sanitasie te lê.

09

# VERVOER:

## VERTROU ONS VIR ’N WERKENDE VERVOERSTELSEL

Die verval van ons spoornetwerk en die erge oorbelading van ons padnetwerk knou Suid-Afrika se ekonomie en kos beide lewens en lewensbestaan.

Die impak van die regering se versuim om Suid-Afrika se vervoerstelsel in stand te hou en te ontwikkel, is so groot dat ’n gefaseerde benadering vereis word, wat noodsaaklike netwerke vir onmiddellike herlewing prioritiseer. Die IVP sal belangrike infrastruktuur en ekonomiese ondersteuningsmeganismes deur goeie bestuur inkrementeel weer aanlyn bring.



**’N IVP AAN DIE STUUR SAL:**

- Die transformasie van die vervoerbedryf bespoedig om doeltreffendheid te verbeter deur vennootskappe met die privaat sektor te vestig.
- Regulasies vereenvoudig ten einde die regulatoriese raamwerke makliker te maak om buitelandse belegging te lok en mededinging aan te moedig om die skep van monopolieë in die sektor te vermy.
- Passasiersvervoerdienste vir stedelike pendelaars en landelike gemeenskappe opgradeer, om toeganklikheid en veiligheid te verseker.
- Openbare vervoerinfrastruktuur verbeter deur toe te sien dat pad-, spoor- en hawe-infrastruktuur goed instandgehou word en ekonomiese en maatskaplike aktiwiteite kan ondersteun.
- Vragvervoer opgradeer deur nuwe lewe in spoor- en padvrag te blaas om ekonomiese groei met die klem op doeltreffendheid en sekerheid, te ondersteun.
- Burgerlugvaart uitbrei deur die burgerlugvaartmark vir privaat operateurs oop te maak en ’n oop lugbeleid aan te neem om binnelandse en internasionale konnektiwiteit te bevorder.
- Maritieme vervoernetwerke ontwikkel en die maritieme bedryf bevorder deur vennootskappe met en aansporings vir die privaat sektor, met die doel om toerisme en handel te bevorder.
- Openbare en alternatiewe vervoermiddels, soos die uitbreiding van geïntegreerde bussnelvervoerstelsels, bevorder.
- Padveiligheid op te skerp deur die inwerkingstelling van streng veiligheidsmaatreëls.
- Op sekerheid konsentreer deur sekerheidsmaatreëls vir kommersiële padgebruikers op te skerp ten einde kapings te voorkom en die veiligheid van goedere en passasiers te verseker.
- Die groei van klein operateurs bevorder deur geleenthede aan kleiner entrepreneurs in die vervoersektor te bied, veral in die taxi- en busdienste.
- In openbare opvoeding vir padgebruikers belê om bewustheid en opvoeding oor padveiligheid deur skole, die media en openbare veldtogte te verbeter.

10

# TRADISIONELE LEIERSKAP EN BESTUUR:

## VERTROU ONS OM TRADISIONELE STRUKTURE TE RESPEKTEER

Reg van die begin af, tydens grondwetlike onderhandelings vir demokrasie, het die IVP daarop aangedring dat die Zoeloe-monarg en die instelling van Ubukhosi erken word en 'n rol in 'n demokratiese Suid-Afrika moet hê. Vir dekades het die IVP aangedring dat die rol, bevoegdhede en funksies van tradisionele leiers in wetgewing uiteengesit word. Die IVP het tradisionele leierskap deurentyd aan die kern van ons plaaslike bestuurstrategie geplaas.

Ons stigter, wyle prins Mangosuthu Buthelezi, het hom beywer vir die Ingonyama-trust om die Zoeloe-koninkryk se gemeenskaplike grond onder die bewaring van Sy Majesteit die Koning te hou, wat deur tradisionele leiers geadministreer word en gesinne sodoende toegang tot grond gee om op te leef en voedsel op te verbou.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Die instelling van tradisionele leierskap beskerm en onderhou.
- Tradisionele leiers na behore respekteer, bemagtig en vergoed.
- Die beskerming en veiligheid van tradisionele leiers prioritiseer.
- Tradisionele leiers se werk ondersteun om ons samelewing se morele samestelling te bevorder en te herstel.
- Tradisionele leiers help om gemeenskaplike ekonomieë deur selfhelp- en selfstandigheidsprogramme en –projekte te bevorder.
- Tradisionele leiers help om vrede, stabiliteit en maatskaplike samehorigheid in hul gemeenskappe te bevorder.
- Voorspraak maak vir die wysiging van Hoofstuk 7 en 12 van die Grondwet om die rol, bevoegdhede en funksies van tradisionele leiers uit te stippel.
- Tradisionele leiers help om gemeenskaplike grond te ontwikkel en leiers en hul gemeenskappe van toerusting, saad, kunsmis en opleiding voorsien om die grond te bewerk.
- Die doelwitte van die Ingonyama-trustmodel versterk en in oorleg met tradisionele leiers uitbrei na ander provinsies om verblyfsekerheid te verseker.

11

# TOEGANG TOT GROND:

## VERTROU ONS VIR 'N PLEK VIR JOU EN JOU FAMILIE

Grondbesit is een van die mees omstrede kwessies in Suid-Afrika. Grondhervormingsbeleide beïnvloed hoe Suid-Afrika sy voedsel verbou, sy voedselsekerheid beskerm en sosio-ekonomiese geleenthede aangryp.

Die oplos van die grondvraagstuk hou die belofte in om die wonde van die verlede te genees. Grond het maatskaplike, geestelike en ekonomiese waarde. Dit het die potensiaal om die grondslag van die hernieude ekonomie te wees wat ons land so nodig het.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- ’N volskaalse grondoudit aanvra om vas te stel wie wat besit, en hierdie bevindinge gebruik om op staatsgrond te konsentreer, dit te herverdeel waar nodig en gemeenskapsprojekte te ondersteun om kommersieel te boer.
- Alle ongebruikte grond wat in die staat se hande is, tot voordeel van die armes hertoewys.
- Spesifieke steun aan moderne landbou- en ander ontwikkelingsinisiatiewe toewys om wanbalanse van die verlede aan te spreek.
- Beduidende steun deur die staat verseker, veral vir nuwe toetreders tot die landboubedryf.
- Toesien dat die regering kommersieel lewensvatbare koöperasies in landelike en township-gebiede ondersteun.
- Opleidingsinfrastruktuur skep deur landbouwetenskap op skoolvlak bekend te stel en deur landbou-opleidingskolleges op tersiêre vlak te heropen.
- Gemeenskaplike grond beskerm om te verseker dat dit in die hande van die mense sal bly, onder die toesig van tradisionele leierskap, met die provinsiale regerings wat steun aan tradisionele leiers en opkomende boere bied en hulle ophef tot op ’n vlak van kommersiële boerdery.
- Alle uitstaande grondeise afhandel en die deur vir verdere aansoeke en eise weer oopmaak.
- Die beleid van grondonteiening met billike vergoeding aanhou ondersteun.
- Die nasionale departemente van Landbou, Grondsake en Tradisionele Sake in een departement saamsmelt om die kabinet se koste te sny en om hierdie departemente se lynfunksies te vereenvoudig.
- Konsentreer op klein tot mediumgrootte boerdery en bestaansboerdery as ’n kernstrategie om ekonomiese verligting vir landelike gemeenskappe te bied.
- Vennootskappe en mentorskappe met ervare boere aanmoedig om nuwe boere te lok en op te lei, en om ondersteunende nywerhede te ontwikkel.
- Plaaslike landbou-ondersteuningsentrums heraktiveer om boere te help om toegang tot trekkers en nuwe tegnologieë te kry, wat hulle sal help om hul produksie te verhoog.
- Die betrokkenheid van die privaat en staatsektor by die land se landbou-ontwikkelingsprosesse bevorder.

12

# OMGEWING:

## VERTROU ONS OM MÔRE MOONTLIK TE MAAK

Die volgende tien jaar in mensegeskiedenis sal die deurslaggewendste vir ons oorlewing op hierdie planeet wees. Die wêreld staar 'n driedubbele omgewingskrisis in die gesig, wat verlies aan biodiversiteit, klimaatontwrigting en immergroeiende besoedeling insluit. Die verspreiding van enkelgebruik plastiek het aansienlik bygedra tot hierdie groeiende omgewingskrisis, met miljoene ton plastiekafval wat jaarliks in ons oseane, riviere en op stortingsterreine beland.



## 'N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- Skakel met belanghebbendes, insluitende werkers, vakbonde, gemeenskappe en ondernemings, om beleide en strategieë te ontwikkel wat 'n regverdige en gelykmatige oorgang na 'n volhoubare toekoms bevorder.
- Ons wild beskerm, etiese en volhoubare toerisme bevorder en toesien dat toekomsgeslagte ons biodiversiteit steeds kan geniet.
- Beleide en praktyke in werking stel wat mensebedrywighede wat 'n nadelige uitwerking op die Groot Afrika-seewoud en ander oseaan-ekosisteme het, inkort.
- Inisiatiewe steun wat volhoubare visvangpraktyke, beskermde mariene gebiede en opvoedings- en bewusmakingsveldtogte bevorder om die publiek se begrip van omgewingsbedreigings te verbeter.
- Regstellende stappe neem om die gebruik van enkelgebruik plastiek te verminder. Ons is verbind tot die inwerkingstelling van beleide en praktyke wat volhoubare alternatiewe bevorder.
- Wetstoepassing opskerp om onwettige jag hok te slaan, spesialis-wildhowe instel en openbare bewusmakingsveldtogte befonds.
- Herwinning van en behoorlike wegdoening met plastiekafval aanmoedig.
- Renosterstropery hokslaan deur 'n reeks maatreëls te gebruik om die onwettige handel in renosterhoring te bekamp, insluitende beter pogings tot wetstoepassing, swaarder strawwe vir oortreders en beter openbare bewusmakingsveldtogte.
- Die jag van leeus wat in gevangenskap geteel word, stopsit en die in- en uitvoer van leeus se liggaamsdele en trofeë verbied.
- Gemeenskapsbemagtiging verseker deur opvoeding oor bewaring.

13

# JY EN JOU TOEKOMS

Die IVP glo daarin om mense te bemagtig om hulself te help en selfstandig te wees, wat ook een van ons kernfilosofieë is. Ons glo ook dat die kwesbaarste mense in ons samelewing meer sorg en ondersteuning verdien.



## ’N IVP AAN DIE STUUR SAL:

- ’N moderne, funksionerende, doelmatige toelaestelsel verseker en die regte toelae-ontvangers betyds betaal.
- Alle toelaekategorieë hersien en toelaes verhoog waar dit nodig is. Die Ouderdoms- en Kindertoelaag sal verhoog word.
- Alle toelaes aan geleenthede en opleiding koppel om ontvangers op te hef.
- Die toename in maatskaplike euwels bekamp deur te verseker dat elke gemeenskap toegang tot ’n maatskaplike werker het.
- Toesien dat alle maatskaplike werkers wat deur die staat opgelei word, werk in kernstaatsdepartemente en munisipaliteite kry.
- Sanitêre waardigheid vir alle behoeftige skoolmeisies bied.
- Groter ondersteuning vir NRO’s verseker wat na die kwesbaarste mense in ons samelewing omsien.
- Reageer op die toename in babaverlating deur BabySavers, ook bababokse genoem, wettig te maak sodat NRO’s lewens kan beskerm en moeders wat krisisswangerskappe ervaar, kan ondersteun.
- Voedselsekerheid vir Suid-Afrikaners verseker. Alle stapelvoedsel in arm huishoudings moet van BTW vrygestel wees.
- Kinderwanvoeding aanspreek deur gesinne wat nie kan bekostig om hul kwesbare kinders te voed nie, met voedselverligting aan die hand van ’n SASSA-koopbewysprogram te ondersteun.
- Maatskaplike samehorigheid en patriotisme aktief deur programme en dialoog bevorder, aangesien ons glo dat ons krag as ’n nasie in ons unieke uiteenlopendheid lê.

# VERTROU ONS REPUTASIE

Die Inkatha Vryheidsparty is nie 'n vreemdeling in die regering nie. Ons wíl dien omdat ervaring ons geleer het dat ons regering beter kan behartig.

Die KwaZulu-Natalprovinsie, onder leiding van 'n IVP-regering, het ontwikkeling en voorspoed ervaar. Met ons bewese rekord van dienslewering en integriteit, vra ons julle om ons weer in 2024 te vertrou.



HIER IS NET 'N PAAR VAN DIE REDES WAAROM

# JY ONS KAN VERTROU OM TE REGEER

Die IVP se stigter en emerituspresident, wyle prins Mangosuthu Buthelezi, het iThala-bank gestig om in die finansiële behoeftes van gewone burgers te voorsien, met die klem op die belangrikheid van spaargeld. Hierdie inisiatief het 'n beduidende impak op verskeie gemeenskappe gehad, veral in KwaZulu-Natal. Prins Buthelezi was toegewyd om entrepreneurskap te kweek. Deur samewerking met plaaslike sakeleiers, het hy talle ondernemings gestig, wat die weg vir werkskepping en ekonomiese welvaart gebaan het. Prins Buthelezi se visie vir iThala-bank was 'n bewys van sy verbintenis tot ekonomiese inklusiwiteit.

Prins Buthelezi het die Mangosuthu Universiteit van Tegnologie in 1979 gestig; een van slegs ses universiteite vir tegnologie in Suid-Afrika. Prins Buthelezi het 'n universiteit wat in die township geleë is in die vooruitsig gestel, wat beroepsopleiding verskaf om die lewens van stemlose mense te transformeer.

Prins Buthelezi het die inisiatief aan die dag gelê om 'n tak van die Universiteit van Zoeloeland in Umlazi te open, wat stemlose swart jeugdiges en volwassenes in staat stel om toegang tot tersiêre onderrig en beroepsopleiding te kry.

Vóór Suid-Afrika se vrymaking was Inkatha 'n teenvoeter vir Bantoe-onderwys deur onderwys in die bestuur van KwaZulu te prioritiseer. Voor 1994 het ons meer as 6 000 skole gebou – meer as die aantal staatskole wat vandag in KwaZulu-Natal is.

Deur sy leierskap van die KwaZulu-regering het prins Buthelezi in 1985 die KwaZulu Finansierings- en Beleggingskorporasie gestig, wat KwaZulu se onafhanklike beheer verseker het om sy nywerheidsbasis te bou en aan swart Suid-Afrikaners die finansiële dienste en saaikapitaal te verskaf om plase te koop, ondernemings te begin, huise te bou en finansieel onafhanklik te word.

Die KwaZulu-regering het 'n soort breë-gebaseerde ekonomiese bemagtiging nagestreef, wat nou Swart Ekonomiese Bemagtiging genoem word, wat in sakeprojekte in die townships belê het. Dit het verseker dat baie gewone mense in die eertydse KwaZulu-gebiede aandele in ondernemings soos bakkerye in uMlazi en Madadeni besit het.

Die Inkatha-geleide KwaZulu-regering het hospitale, klinieke, polisiestasies en 'n professionele staatsdiens verskaf, wat alles as die wegspringplek vir die nuutverkose regering in 1994 gedien het.

In 2002 het die IVP se premier van KwaZulu-Natal, wyle dr. Lionel Mtshali, die krag van provinsiale outonomie gedemonstreer deur baanbrekerswerk met die verspreiding van lewensreddende antiretrovirale middels te doen om die oordrag van MIV/vigs van moeders na hul pasgebore babas te voorkom, wat honderde duisende lewens gered het. Onder sy leierskap het die IVP-geleide regering toegesien dat antiretrovirale medisyne by alle klinieke in KwaZulu-Natal uitgegee is. Op grond van ons sukses, kon ons bewyse aan die Konstitusionele Hof verskaf in die saak wat deur die Treatment Action Campaign gebring is, wat die Hof in staat gestel het om die nasionale regering te gelas om ons voorbeeld te volg en ARV's aan alle Suid-Afrikaners te verskaf. In 'n tyd van vigsontkenning deur die regering en stigmatisering van MIV en vigs, was prins Buthelezi die eerste nasionale leier wat in die openbaar aangekondig het dat sy seun aan vigs beswyk het. Hy het die sluier van stilte geskeur en die weg gebaan vir veldtogte van inligting en bystand.

Die IVP se stigter het die Ingonyama-trust geskep om die gemeenskaplike grond van die Zoeloekoninkryk in die hande van die mense te hou, eerder as om toe te kyk hoe dit in die hande van die staat oorgedra word. Vandag word grond in staatsbesit onderbenut en onderontwikkel, terwyl die grond onder die Ingonyama-trust miljoene mense ondersteun en die ekonomies-toeganklikste grond in KwaZulu-Natal bly.

Onder 'n IVP-regering is mense nader aan ekonomiese geleenthede gebring deur die stigting van townships soos KwaMashu, Madadeni, Osizweni, Nseleni en eSikhawini. Prins Buthelezi het Ulundi ook as die hoofstad en wetgewende setel van KwaZulu ontwikkel.

Onder die IVP het KwaZulu-Natal die land se beste onderwysstelsel gehad, wat voortdurend bewys het dat sy leerders die hoogste punte kan behaal sonder dat dit nodig is om slaagpunte te verlaag om die provinsie se algehele slaagsyfer 'n hupstoot te gee.

Ná die nasionale verkiesing van 1994 was prins Buthelezi vir twee termyne (1994–2004) die minister van binnelandse sake. Hy het by meer as 22 geleenthede as waarnemende president van die Republiek van Suid-Afrika gedien. IVP-ministers het ook Korrektiewe Dienste, Kuns en Kultuur, Wetenskap en Tegnologie geadministreer.

## ONS LEIERSKAP IS BETROUBAAR!



# VERTROU ONS

## ONS WERK VIR JOU

# TYD VIR BEMAGTIGING

# EN #herBOUSA

# STEM X IFP

SLUIT AANLYN AAN BY DIE GESPREK


**HOOFKANTOOR**
No.2 Durban Club Place, Durban
031 365 1329
info@ifp.org.za
**WWW.IFP.ORG.ZA**